

NestEgg CAPITAL

maandelikse markoorsig &jy

APRIL in oorsig 2026

In hierdie uitgawe

April 2026 is oorheers deur die voortgesette konflik tussen die VSA, Israel en Iran, ontwrigtings in energiemarkte, en versigtige aanpassings in monetêre en fiskale beleid wêreldwyd.

Tussen Maart en April 2026 het Suid-Afrika se brandstofpryse skerp gestyg.


Wêreldmarkte het in April 2026 sterk herstel, aangevoer deur Amerikaanse tegnologie-aandele, terwyl Europa en Asië stewige winste getoon het.

Ekonomiese- en markoorsig

April 2026 is oorheers deur die voortgesette konflik tussen die VSA, Israel en Iran, ontwrigtings in energiemarkte, en versigtige aanpassings in monetêre en fiskale beleid wêreldwyd. Europa het strenger kredietvoorwaardes toegepas, terwyl energie-volatiliteit toegeneem het. Asië het gefokus op die versterking van energie-sekuriteit, en die IMF het sy wêreldgroeivooruitsigte afwaarts hersien.

Die Iran-oorlog het die bepalende geopolitieke gebeurtenis van die maand gebly. Iran het sy beheer oor die Straat van Hormuz benut en wêreldwye olievoorsiening bedreig, terwyl onderhandelinge met die VSA oor uraanverryking tot stilstand gekom het. 'n Tydelike skietstilstand tussen Israel en Libanon is verleng, maar missielaanvalle en vlootblokkades het veroorsaak dat energiemarkte onbestendig bly.

Oliepryse het bo USD 110 per vat gebly, wat vrese van langdurige ontwrigting versterk het. Die wisseling tussen praatjies van skietstilstand en nuwe aanvalle het aansienlike markonbestendigheid veroorsaak. Daarmee saam het die VIX-indeks met elke nuusberig beweeg, wat gelei het tot heelwat spekulasie.



Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) se Wêreldekonomiese Vooruitsig vir April 2026 het wêreldgroei vir 2026 verlaag na 3.1% (vanaf 3.3% in Januarie). Die redes daarvoor sluit in oorloggedrewe energieskokke, inflasiedruk en strenger finansiële toestande. Ontluikende markte is die hardste getref, met groeivooruitsigte wat verlaag is na 3.9%. Risiko's bly oorwegend negatief, met toenemende kommer oor stagflasie in energie-invoerende ekonomieë.

April het hernude druk op Europa se energie- en finansiële stelsels gebring. Russiese gastoevoer via TurkStream het skerp afgeneem, wat bestaande tekorte wat verband hou met die onstabilitieit in die Midde-Ooste, vererger het. Die ECB se jongste meningsopname oor lenings het getoon dat banke kredietstandaarde vir huishoudings en maatskappye verskerp het, terwyl vraag afgeneem het. Terselfdertyd het Brussel 'n ondersteuningspakket van €90 miljard vir Oekraïne toegestaan en hervormings in doeane- en nywerheidsbeleid aangedryf – stappe wat daarop gemik is om, te midde van toenemende eksterne druk, veerkragtigheid en strategiese selfstandigheid te versterk.

In Asië het regerings vinnig opgetree om hulself teen wêreldwye skokke te beskerm. ASEAN-lidlande het die bekragtiging van 'n petroleum-deelooreenkoms versnel, wat streeksamewerking met die oog op energie-sekuriteit bewerkstellig. Japan se sentrale bank het sy versigtige benadering herbevestig en gewaarsku teen olie-gedrewe inflasierisiko's, terwyl China banke aangespoor het om lenings toe te staan om groei te stabiliseer. Hierdie stappe beklemtoon die Verre Ooste se tweeledige fokus: beskerming teen ingevoerde energie-onbestendigheid terwyl binnelandse vraag ondersteun word.

Suid-Afrika se ekonomie het beide veerkragtigheid en druk weerspieël: nuwe voertuig verkope het hul beste April sedert 2013 bereik ten spyte van stygende brandstofkoste; die regering het die brandstofheffing verlaag om huishoudings te ondersteun, en bykans R900 miljard se beleggingsbeloftes is tydens die SA Beleggingskonferensie ontvang. Tog het die invoer van inflasie as gevolg van die konflik in die Midde-Ooste en strenger krediettoestande die herstelvooruitsigte vertroebel.

Tussen Maart en April 2026 het Suid-Afrika se brandstofpryse skerp gestyg: petrol het met effens meer as R3 per liter (ongeveer 12%) toegeneem, terwyl diesel gemiddeld met R7.50 per liter (byna 30%) gestyg het. Hierdie styging is aangedryf deur wêreldwye olie-onsekerheid wat verband hou met die VSA–Israel–Iran-konflik en die sluiting van die Straat van Hormuz. Volgens die Brandstofbedryfvereniging van Suid-Afrika gebruik Suid-Afrikaners jaarliks meer as 24 miljard liter brandstof (ongeveer 2.0 miljard liter per maand), waarvan byna 60% dieselverbruik is. Die verlaging in die brandstofheffing het die impak op huishoudings en besighede help verlig, maar was nie genoeg om die skerp styging in internasionale oliepryse te verreken nie.

Markprestasie

Wêreldmarkte het in April 2026 sterk herstel, aangevoer deur Amerikaanse tegnologie-aandele, terwyl Europa en Asië stewige winste getoon het. Suid-Afrika het, relatief tot ander ontluikende markte, minder gestyg, maar steeds beskeie positiewe opbrengste gelewer.


Amerikaanse aandele het in April skerp gestyg. Die S&P 500 het met 10% in USD-terme toegeneem, sy beste maandelikse prestasie sedert 2020, terwyl die NASDAQ met 16% gestyg het, gelei deur KI-verwante tegnologie-aandele en sterk verdienste. Die FTSE 100 het met 2.3% (in Britse pond) gedurende die maand gestyg, ondersteun deur energie- en bankaandele. Die Eurostoxx 50 het met 5.6% (in euro) gestyg en herstel van Maart se verliese. Winste was wydverspreid, hoofsaaklik in finansiële- en industriële aandele. Die wêreldmark wat die beste presteer het was Japan, waar die Nikkei 225 met 17.2% (in Japannese jen) opgeskiet het en rekordhoogtes bo 59 000 bereik het. Sterk uitvoere en KI-verwante aandele het die styging gedryf.

In die plaaslike aandelemark het die kleinkapitalisasie-indeks 'n opbrengs van 3.5% gelewer, terwyl die Top 40-indeks slegs 'n klein styging van 1.6% aangeteken het. Die middelkapitalisasie-indeks het 'n kleiner opbrengs van 0.9% gelewer. Hulpbronne (-2.3%) het in April voortgegaan om verliese te toon. Daarteenoor het finansiële- en industriële aandele gedurende die maand hoër verhandel, met opbrengste van 4.2% en 3.2%, onderskeidelik.

Suid-Afrikaanse staatseffekte het gedurende die maand herstel, net genoeg om terug te keer na die openingsvlakke van 2026. Goud het die maand onveranderd afgesluit, terwyl olie steeds wisselvallig gebly het rondom USD 100 per vat.

Markindekse[1]	30 April 2026		
(Alle opbrengste in Rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar[2]
SA aandele (FTSE/JSE indeks van alle aandele)	-2.6%	30.1%	15.9%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	-1.4%	36.8%	16.8%
SA effekte (FTSE/JSE indeks van alle effekte)	-2.1%	22.2%	12.5%
SA kontant (STeFI)	1.6%	7.3%	6.8%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	7.8%	16.4%	15.0%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	9.6%	32.4%	9.6%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	3.3%	-8.0%	1.3%
Rand/dollar[3]	4.1%	-10.2%	2.9%
Rand/sterling	3.1%	-8.7%	2.5%
Rand/euro	2.7%	-7.4%	2.3%
Goudprys (USD)	-2.1%	39.6%	21.2%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	61.3%	80.6%	11.1%

1. Bron: Factset
2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.
3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.





Min ateljees in Los Angeles dra dieselfde kulturele gewig as die Radford Studio Center, wat oorspronklik in die laat 1920's as 'n stilprent-ateljee ontwikkel is en later bekend was as CBS Studio Center. Geleë in Studio City ('n woonbuurt wat feitlik daarna vernoem is), was die eiendom vir dekades in die hart van Amerikaanse televisievervaardiging. Ikoniese programme soos *Seinfeld, Gunsmoke, The Mary Tyler Moore Show* en *Gilligan's Island* is almal daar verfilm, wat die ateljee se status as een van Hollywood se mees historiese produksiekomplekse bevestig het. Met verloop van tyd het die terrein van 100 000 vierkante meter (10 hektaar, of 20 rugbyvelde) ontwikkel tot 'n volwaardige ateljeekompleks, bestaande uit klankverhoë, permanente stelle, kantoorruimte en produksiegeriewe wat dit 'n hoeksteen van die Los Angeles vermaak-ekosisteem gemaak het. Hierdie ryk geskiedenis het sy rekordbrekende verkryging van USD 1.85 miljard in 2021 deur Hackman Capital Partners, op die hoogtepunt van die stromingsoplewing, onderlê.

Destyds het die sterk vraag na inhoud van platforms soos Netflix, Amazon en Disney intense kompetisie vir ateljeeruimte veroorsaak. Beleggers het sterk huurgroei en byna-volledige besetting verwag. Die transaksie het 'n nuwe maatstaf vir Los Angeles-ateljees gestel en selfs met die grootste kantoortransaksies landwyd meegeding. Dit het die mark se oortuiging, dat produksie-infrastruktuur struktureel skaars is, weerspieel. Kortom, dit was 'n groot gier, met beleggers op soek na die "volgende groot geleentheid".

Hackman Capital Partners en sy vennote het die transaksie as 'n mylpaal bemark, met klem op die eiendom se geskiedenis, die skaarsheid van produksieruimte en die vraag na stroming. Bemarkingsmateriaal en promosiedekking het gefokus op die terrein se kulturele erfenis, herontwikkelingsplanne en strategiese rol binne Hackman se groeiende ateljeeportefeulje. Die terrein is selfs as "onvervangbaar" beskryf. Dit klink alles na geldige redes om voluit te belê. Totdat dit nie meer is nie.

Hierdie bemarkingsverhaal is sedertdien uitgedaag deur 'n skerp ommekeer in die bedryf se grondbeginsels. Die staking van Hollywood-skrywers- en akteurs in 2023 het produksie tot stilstand gedwing, terwyl breër konsolidasie onder mediamaatskappye gelei het tot strenger begrotings en meer gedissiplineerde besteding. Terselfdertyd het groot huurders soos Paramount (voorheen CBS) hul teenwoordigheid op die terrein verklein, wat bygedra het tot 'n daling in besetting tot sowat 60%. Die kombinasie van swakker vraag, laer benutting en 'n strukturele hersiening van die ekonomie van televisie-vermaak het inkomsteverwagtinge wesenlik verswak en die kwesbaarheid van hierdie bates blootgelê wat verkry is toe dit die groot gier was.

Die gevolge was beduidend. Hackman Capital het, ondanks herhaalde uitstel, uiteindelik in gebreke gebly op ongeveer USD 1.1 miljard se eiendomsversekerde skuld, wat 'n groep leningsverskaffers onder leiding van Goldman Sachs, saam met Wells Fargo en Morgan Stanley, genoop het om beheer oor te neem. Die produksiekompleks is nou te koop aangebied, met aanduidings dat aanbodpryse in die omgewing van USD 400–450 miljoen is, wat 'n daling van sowat 75% vanaf die 2021-waardasie impliseer. Hierdie mate van waardeverlies is buitengewoon vir 'n top Los Angeles-bate en beklemtoon die mate waartoe kapitaalwaardes in sekere "aantreklike" eiendomsektore blootgestel bly aan sikliese vraagskokke en veranderende strukturele neigings.

Die verskil tussen die realiteit in 2026 en die beskrywing van die transaksie in 2021 is duidelik. In vyf jaar is ekwiteitsbeleggers uitgeskakel, terwyl leningsverskaffers meer as die helfte van hul kapitaal verloor het. Indien die USD 1.85 miljard op 1 Desember 2021 in die S&P 500 belê was (wat destyds geensins as 'n "aantreklike" belegging beskou is kort ná COVID-19 nie), sou dit op 30 April 2026 USD 3.1 miljard werd gewees het – 'n nie-onbeduidende opbrengs van meer as 10% per jaar.

Die Latynse frase "caveat emptor" kom dadelik by 'n mens op – laat die koper waak. Of ten minste, werk saam met 'n betroubare adviseur wat hierdie fliek al voorheen gesien het.[2]

[1] Die uitdrukking "*There's No Business Like Show Business*" is afkomstig van die 1946 lied *There's No Business Like Show Business* deur Irving Berlin, geskryf vir die Broadway-musiekblyspel *Annie Get Your Gun*. Dit het vinnig 'n kulturele slagspreuk geword, gewild gemaak deur Ethel Merman se optredes en later verewig in die 1954 rolprent met dieselfde naam.

[2] Hierdie artikel is gebaseer op die "Property of the month" in Clearance Capital se Maart 2026-nuusbrief (https://www.realestatealternatives.com/)